



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

**Week van 1 September – Hebreërs 13 : 1 - 8**

**Stil word en aanbidding:** Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Vertel van iemand wie se lewe vir jou 'n voorbeeld was en/of is. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Lees Psalm 81: 1- 5, 10-11 as 'n gebed. Dink na oor die ander gode wat deesdae ons lewens oorneem.

**Woord:** Alreeds in Hebreërs 12:28 het die prediker sy hoorders opgeroep om God dankbaar te dien. Die woord wat hier vir "dien" gebruik word, verwys na die gemeentelike erediens, waar die aanbidding van God plaasvind. Gevoed vanuit die gemeentelike erediens, word gelowiges se hele lewe nou 'n dankbare erediensgebeure, 'n vertoonvenster van dankbaarheid – die erediens van die lewe! Hoe verloop so 'n erediens? Op die maat van en volgens die bladmusiek van die liefde! Nee, dit is nie die teorie of die gevoel van die liefde waaroor hier gepraat word nie, maar konkrete, praktiese en alledaagse liefdeshandelinge. Hoe kan die liefde net woorde en lippetaal wees (1 Joh. 3:18) as liefde 'n doen-woord is? Niks anders kan tog ons identiteit en optrede bepaal as die liefde nie? As ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons navolgers van Jesus is (Joh. 13:35). Ontdek die verskillende gesigte van die liefde, die veelkleurigheid van die skakerings van die liefde deur Hebreërs 13:1-8 en 15-16 deeglik deur te lees. **Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.**

### Gesprek

1. Gesels oor die 5 deugde wat in verse 1-5 genoem word. Wat leer ons daaruit oor die gemeenskap waarvoor die gedeelte geskryf is? Hoe help dit ons vandag? Probeer so prakties as moontlik wees.
2. Vertel vir mekaar van die mees onlangse ervaring van Jesus-liefde in die alledaagse lewe wat julle beleef het. Wat het daardie ervaring aan jou gedoen? Waarom bestempel jy dié gebeure as so uitsonderlik? Liefde is opregte meelewing. Vind dit in die gelese gedeelte en help mekaar met konkrete wenke om hierdie soort liefdes-meelewing te beoefen.
3. Die woord wat met "gasvry" vertaal word, sou mens ook met "vreemdelingsliefde" kon weergee. Dit gee dan tog 'n ander kant van hierdie liefde weer, naamlik nie vir vriende of familie nie, maar vir mense wat ons nie ken nie en wat anders as ons is, vreemdelinge. Verduidelik waarom hierdie aspek juis 'n toets vir die egtheid van ons liefde is? Hoe kan Jesus-volgelingen hieraan uitvoering gee?
4. Hoe lyk jou geloofsmanifes oor geld en goed aan die hand van Heb. 13:5-6?
5. "Dink aan julle voorgangers ... (vers 7). Hoe lyk 'n geloof en lewenswandel wat nagevolg kan word? Dink oor hoe ander jou geloof en lewe sien. Is dit iets wat nagevolg kan word? Wat moet jy dalk anders doen?

**Afsluiting:** Bely in die volgende week elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "23Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê." Om uitvoering te gee aan vers 16, gaan doen in week 'n "*random act of kindness*" vir iemand. Gee volgende week terugvoer daaroor.